



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NATIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**VISUELE KUNSTE V1**

**FEBRUARIE/MAART 2015**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 100**

**Hierdie memorandum bestaan uit 21 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

In hierdie eksamen sal jy die volgende vaardighede toon:

- Die gebruik van die korrekte kunsterminologie
- Die gebruik en implementering van visuele analise en kritiese denke
- Skryf- en navorsingsvaardighede binne 'n geskiedkundige en kulturele konteks
- Die plasing van spesifieke voorbeelde in 'n kulturele, sosiale, politieke en historiese konteks
- 'n Begrip van eiesoortige kreatiewe style

Lees die volgende instruksies voordat jy besluit watter vrae om te beantwoord:

1. Hierdie vraestel bestaan uit AGT vrae.
2. Beantwoord enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Vrae verskyn op die linkerkantse bladsye, met visuele bronne op die regterkantse bladsye.
5. Maak seker dat jy na die afgebeelde visuele bronne in kleur verwys waar dit vereis word.
6. GEEN punte sal toegeken word vir inligting wat in een antwoord bespreek en in ander antwoorde herhaal word NIE. Kruisverwysing na kunswerke is toelaatbaar.
7. Noem die kunstenaar en titel van elke kunswerk wat jy in jou antwoorde bespreek. Onderstreep die titel van 'n kunswerk of die naam van 'n gebou.
8. Skryf op 'n duidelike, kreatiewe en gestruktureerde manier en gebruik volsinne en paragrawe volgens die instruksies van elke vraag. 'n Lys met feite/tabelle word NIE aanvaar NIE.
9. Gebruik die volgende riglyne vir die lengte van jou antwoorde. Let op die puntetoekenning:
  - 6–8 punte: 'n minimum van  $\frac{1}{2}$ – $\frac{3}{4}$  bladsy
  - 10–14 punte: 'n minimum van 1–1 $\frac{1}{2}$  bladsy(e)
  - 20 punte: 'n minimum van 2 bladsye
10. Skryf netjies en leesbaar.

**WOORDELYS**

**Gebruik die volgende woordelys om seker te maak dat jy verstaan hoe om 'n spesifieke vraag te benader:**

- Analiseer:** 'n Gedetailleerde en logiese bespreking van die formele kunselemente soos lyn, kleur, toonwaarde, formaat en komposisie van 'n kunswerk.
- Beskryf:** Gee die feite, besonderhede en verdere inligting van die kunswerk; berig oor wat die oog mag sien.
- Bespreek:** Stel jou standpunt en gee redes vir jou stelling.
- Formele kunselemente:** Die basiese elemente wat gebruik word om 'n kunswerk te skep, soos lyn, vorm, toonwaarde, tekstuur, kleur, ruimte, komposisie, ensovoorts.
- Interpreteer:** Analiseer en evalueer (gee 'n ingeligte mening oor) 'n kunswerk. Kontekstualiseer dit histories, kultureel, sosiaal, polities, ensovoorts en motiveer jou bevindinge deur na soortgelyke spesifieke voorbeelde te verwys.
- Kontekstualiseer:** Met betrekking tot, of afhangend van, die raamwerk van inligting; met betrekking tot die situasie, tyd/era en plek waarna die inligting verwys.
- Motiveer:** Om met bewyse of getuienis te ondersteun.
- Noem:** Gee presiese feite en sê direk wat jy dink – gee jou mening, asook 'n verduideliking.
- Verduidelik:** Maak duidelik en gee redes vir jou stelling.
- Vergelyk:** Toon die verskille en ooreenkomste op 'n geordende wyse binne dieselfde argument aan.
- Visuele bronne:** Die visuele afbeeldings wat in hierdie vraestel voorsien word of waarna in ander bronne verwys word.

**KANDIDATE MOET ENIGE VYF VRAE BEANTWOORD.****VRAAG 1: DIE STEM VAN OPKOMENDE KUNSTENAARS**

Die werke wat deur hierdie kunstenaars geskep is was suiwer afkomstig van hulle begeerte om hulle omgewing uit te beeld sonder kritiese of politieke kommentaar.

- 1.1 Bestudeer FIGUUR 1a en FIGUUR 1b en skryf 'n kort opstel waarin jy soveel waarnemings maak as wat jy kan.

Verwys na die volgende:

- Die tema van die skilderye
- Styl van die werke
- Gebruik van lyn en toonwaarde
- Betekenis van die kunswerke

**FIGUUR 1a: Sophie Peters, *Die ou dae*, Linosnee op papier, 1991:**

- **Tema/onderwerp**

Ons sien voorstellings van 'n ou man en 'n jong kind wat in 'n park sit in 'n groot stad. Die geboue in die agtergrond bevestig die feit dat dit 'n stadstoneel is. Die park word geïdentifiseer deur die bank en die heining. Hulle braai vleis op 'n rooster bo-op 'n konka wat 'n tipiese pasgemaakte 'stoof' is van die landelike volk in Afrika. Dit is 'n metaal blik waarin gate gemaak is. 'n Vuur word in die blik gemaak vir kook en hitte. 'n Bron van elektriese lig is sigbaar in die straat regoor die park. Die toneel is die van hawelose mense in 'n stad.

Die toneel dra inligting oor van die lewe van straat mense in 'n stad. Die titel suggereer ook dat die toneel in die ou dae plaasgevind het, wat goed was of 'n teken is vir 'n belofte van beter omstandighede in die toekoms.

- **Styl van werk:**

Baie ekspressionistiese liniêre werk met vereenvoudigde en verwronge (distorte) beelde – herinner ons aan die werk van Kirchner.

- **Gebruik van lyn/tonale waardes:**

'n Verskeidenheid van verskillende lyne is sigbaar in hierdie werk met die sny tegniek van die lino wat interessante teksture en vorms skep. Sommige harde buitelyne en gebroke lyne is gebruik om vensters, bakstene en omheining te skep deur die sny instrument. Tonale waardes is geskep deur die refleksie van die vuur op die figure en die verskeie digtheid van die snylyne.

- **Betekenis van die kunswerk:**

'n Stadstoneel wat die armoede van twee hawelose mense uitbeeld.

**FIGUUR 1b: Durandt Sihlali, Suid-Afrika krotbuurt, Zondi 'Township', waterverf, 1957:**

- **Tema/onderwerp:**

Sihlali verf 'n 'township' in 'n plattelandse omgewing sonder om enige boodskap oor te dra. 'n Klein nedersetting word weergegee in 'n landelike area met 'n vreedsame landskap in die agtergrond. Alhoewel die titel 'n onderliggende betekenis het van 'n krotbuurt, is dit eerder 'n informele nedersetting.

- **Styl van die werk:**

Die gebruik van waterverf skep 'n Impressionistiese gevoel. Oranje en blou is komplimentêre kleure en kenmerkend van die Impressioniste. Die sagte kleure in die agtergrond skep diepte. Die grondpad in die voorgrond lei die oog in die prentvlak en dra dit deur tot by die verdwynpunt in die agtergrond oor die heuwel.

- **Gebruik van lyn/tonale waardes:**

Die sagte horisontale lyne van die huise kontrasteer met die vertikale lyne van die boomstompe in die voorgrond. Tonale waardes in die huise en die landskap skep ook diepte.

- **Betekenis van die kunswerk:**

'n Landskaptoneel wat die informele nedersetting uitbeeld.

(8)

1.2 Skryf 'n opstel waarin EEN kunswerk elk van enige TWEE kunstenaars wat jy bestudeer het wie se werk getuig van sy of haar omgewing, bespreek.

Jou opstel moet die volgende insluit:

- Name van die kunstenaars en titel van kunswerk
- Temas/onderwerpe
- Gebruik van media en tegnieke
- Styl van werk
- Gebruik van formele elemente
- Sosio/kulturele en ander invloede

(12)  
[20]

**VRAAG 2: SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS BEÏNVLOED DEUR AFRIKA-EN/OF INHEEMSE KUNSVORMS**

Alhoewel die werk van Cecil Skotnes en Sfiso Ka-Mkame met 50 jaar verskil, toon beide sterk bewyse van 'n Afrika-identiteit. Die vraag ontstaan of hierdie invloed vandag nog steeds van toepassing is.

2.1 Analiseer FIGUUR 2a en FIGUUR 2b krities deur die stelling hierbo te bespreek.

Jou antwoord moet die volgende insluit:

- Die manier waarop hierdie werke 'n 'Afrika-identiteit' reflekteer
- Die manier waarop die Afrika-invloed hulle styl affekteer?
- Gebruik van vorms, simbole en patrone
- Betekenis of boodskappe in die werke

**FIGUUR 2a: Cecil Skotnes, Twee koppe, geverfde houtpaneel, datum onbekend****• Op watter manier reflekteer hierdie werke 'n Afrika identiteit?**

Cecil Skotnes se visuele abstraksie van die twee koppe stem ooreen met die Afrika houtbeelde en veral Afrika maskers. Hierdie geverfde houtpaneel is gestileerd met 'n groot verskeidenheid lyne. Skotnes is beïnvloed deur die gebruik van organiese plant en diere vorms. Die aard kleure soos geel oker, gebrande siëna en helder rooi word ook geassosieer met die kleurgebruik van die rotskunstenaars.

**• Op watter manier het dit sy styl beïnvloed of geaffekteer?**

Die vibrerende kleure van Afrika is gebruik in die weergawe van die twee koppe wat ooreenkom met maskers. Die gebruik van organiese vorms het Skotnes beïnvloed soos gesien kan word in die vereenvoudiging en verwinging van die gelaatstrekke van die koppe.

**• Gebruik van vorms, simbole en patrone**

Cecil Skotnes het gebruik gemaak van lyne om 'n verskeidenheid patrone en vorms te skep. Die harde lyne op die houtpaneel kom ooreen met die houtkerfwerk van die Afrika hout. Kontras tussen horisontale en vertikale lyne skep interessante patroon wat balanseer met dik en duidelike lyne.

**• Betekenis of boodskap in kunswerk**

Dit is belangrik vir enige volk om sy geskiedenis van oorsprong te bewaar sodat geslagte wat kom daaruit kan leer. Nog 'n rede waarom die huidige generasie gereeld na hulle geskiedenis toe moet verwys, is om die stryd en oorwinnings te waardeer wat die land gelei het tot dit nou is en die mens tot wie hy is.

**FIGUUR 2b: Sfiso KaMkame, 'n Lied vir Afrika II:****• Agtergrondinligting oor kunstenaars:**

Sfiso Ka-Mkame, 'n self geleerde kunstenaar, van Zanzibar afkoms, is gebore in Claremont aan die buitewyke van Durban in 1963. Hy bly in sy nedersetting, en reis elke dag na sy studio in Umkhumbane/Cato Manor. Gedurende die 80's ontvang hy sporadies kunsklasse, en behaal sukses in 1988 met verkoping van sy werk, 'Letters to God', aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsgalery in Kaapstad. Sy vroeëre werk reflekteer politieke konflik, daaglikse stryd en swaarkry.

**• Op watter manier reflekteer hierdie werke 'n Afrika Identiteit?**

Ka-Mkame se werk is baie dekoratief, en toon 'n nostalgie vir Afrika simbole. Hy het begin soek na simbole vir 'n Afrika identiteit buite sy eie omgewing. Ka-Mkame gee gewoonlik sy werke 'n titel wat die kyker voorsien van die begin van 'n storie wat sy werk inspireer het. Sy Afrika figure wat gekleurde en dekoratiewe lang klere dra, skep 'n idëe van verlange na 'n omgewing van wonderwerke en die mistieke. Baie van sy werke verwys na sy drome. Die twee Afrika figure bestaan uit verskillende geometriese vorms en patrone.

**• Op watter manier het dit sy styl beïnvloed?**

Hierdie werk het 'n horisontale komposisie. Dit is 'n uitbeelding van twee groot geometriese figure in 'n landskap, wat ook die fokale punt vorm. In die boonste gedeelte van die komposisie/agtergrond is 'n groen veld met beeste, twee soldate en 'n drommer.

**• Gebruik van vorm, simbole en patrone**

Ka-Mkame se werk is baie dekoratief, en toon 'n nostalgie vir Afrika simbole. Hy het begin soek na simbole vir 'n Afrika identiteit buite sy eie omgewing en dit word in sy werk weerspieël. Hy bou lae kleur op met oliepastelle beginnende met 'n geel agtergrond en voeg dan donker kleure by in volgorde sodat hy patrone kan blootstel en uitkrap. In hierdie werk is die gebruik van kras kleure, geel oker, blou, oranje groene en wit, feestelik gebruik. Wit is gebruik as 'n aksent kleur om figure en vorms te omlyn.

**• Betekenis of boodskap in werke**

Deur gebruik te maak van die voorstellings van beeste, vegters en 'n tromslaner sowel as motiewe van inheemse tipiese Afrika ontwerp elemente, gee die kunstenaar inligting oor kulturele erfenis.

(8)

2.2 Bespreek EEN of meer werke van EEN kunstenaar wie jy bestudeer het wat grootliks deur Afrika beïnvloed is.

Jou antwoord moet die volgende insluit:

- Naam van kunstenaar en titel(s) van werk(e)
- Invloed of gebruik van Afrika-simbole en -beelde
- Gebruik van media en tegniek
- Komposisie en styl van werk
- Betekenis van die werke

(12)  
**[20]**



**VRAAG 3: SOSIO-POLITIEKE KUNS, INSLUITEND WEERSTANDSKUNS VAN DIE 1970's EN 1980's**

Kentridge het die tipiese hoë middelklas van die 1980's uitgebeeld om sy teenstand te toon teenoor die manier waarop mense fondse ingesamel het vir natuurbewaring. Dit was gedurende hierdie tyd dat die 'Save the Rhino' (Red die renoster) -veldtog van stapel gestuur is.

3.1. Verwys na die visuele bron in FIGUUR 3 en skryf 'n kort opstel waarin jy die volgende beantwoord:

- Wat is die verband tussen mens en dier in die kunswerk?
- Verduidelik die betekenis/doel van die gebruik van 'n interieur in die eerste twee panele en 'n eksterieur in die derde paneel.
- Wat is die betekenis van die uitbeelding van die verkyker in die middelste paneel?
- Identifiseer die afbeelding van die diere en die moontlike betekenis daarvan.
- Die gebruik van lyn en kleur.

**FIGUUR 3: William Kentridge, *Conservationist Ball*, houtskool en conté, 1985**

- **Verhouding tussen mens en dier**

Mense oor die algemeen is besorg oor wilde diere. In sy werk beeld Kentridge die skynheiligheid uit van die mense in Suid-Afrika. Hulle bewaar maar gebruik terselfdertyd die natuur tot hulle eie voordeel. Dit word bewys deur die vrou in paneel 1, wat 'n pelsjas dra en 'n jagluiperd as 'n troeteldier het. Die hond wat in paneel 3 'n hiëna word, is die aasdier wat simboliseer hoe die mens leef. Hierdie is 'n triptiek wat in drie dele gedoen is: Uitdun – Culling, Game Watching – Diere kyk; en Taming – mak maak.

- **Verduidelik die betekenis/doel van die gebruik van 'n interieur in die eerste twee panele en 'n eksterieur in die derde paneel.**

In hierdie deel sien ons die binnekant van 'n restaurant wat ons herinner aan die vermaaklikhede in Frankryk. Teen die muur van die kafee is 'n opgestopte Amerikaanse eland (moose). Hierdie is ironies aangesien die mens moet bewaar en nie doodmaak nie. 'n Amerikaanse eland (moose) is ook nie 'n inheemse dier in Suid-Afrika nie. Die beeld van die skulp word herhaal.

In '*Taming*' is daar beelde van voertuie in die agtergrond wat 'n boodskap oordra van 'n chaotiese, besige stad, Bertrams, waar die kunstenaar se studio was. Aan die linkerkant is 'n spieël wat die beelde weerkaats. Hierdie is 'n herhaling van wat in Culling ook te sien is. Die enigste dier wat beskou kan word as getem, is die neonlig in die vorm van 'n vis wat 'n wegneem- ete kafee adverteer. Doringdraad word op die balkon waargeneem wat die vrees van die stadsmens uitbeeld.

- **Wat is die betekenis van die verkyker?**

Die besigtiging van wilde diere is die uiteindelijke doel met natuurbewaring, en is meer vir die middelklas gereserveer. 'n Verkyker word gebruik om diere oor 'n afstand te besigtig. Dit word ironies want die mense hou net partytjie en het geen visie van die realiteit van natuurbewaring nie. Die enigste bewys van diere kyk is die nuttelose verkyker op die tafel.

- **Identifiseer die beelde van diere en die moontlike betekenis.**

In 'Culling', sit 'n dame met 'n pelsjas en haar troeteldier wat 'n jagluiperd is. Die jagluiperd is verlig deur 'n elektriese lig wat dit in 'n kollig plaas van moontlike uitwissing. In die middelste paneel is 'n man in gesprek met 'n renosterbeeldjie. 'n Opgestopte Amerikaanse eland (moose) hang teen 'n muur. Dis ironies aangesien hulle moet bewaar en nie doodmaak nie. 'n Amerikaanse eland (moose) is nie inheems aan Suid-Afrika nie. In die derde paneel is die polisie hond wat in 'n hiëna op rolskaatse verander het om aan te pas by 'n tegniese samelewing.

- **Gebruik van lyn en kleur**

Kentridge gebruik conté en houtskool, om te kommunikeer met die kyker. Conté en houtskool is 'n vinnige tekenmedium en hy kon dit gekies het om die krasheid van die boodskap uit te dra. Harde ekspressiewe buitelyne en vereenvoudiging is kenmerkend van ekspressionisme. Die kunstenaar gebruik kontrasterende swart en wit lyne. Deur kleur weg te laat, wys hy 'n somber atmosfeer in 'n feestelike situasie.

(10)

- 3.2 Analiseer TWEE spesifieke kunswerke wat jy bestudeer het en skryf 'n opstel waarin jy bespreek hoe die kunstenaar(s) kommentaar lewer op sosiale en politieke kwessies in hulle werk.

Jou opstel moet die volgende insluit:

- Name van kunstenaars en titels van werke
- Kwessies aangeroe
- Moontlike boodskappe/betekenis

(10)

**[20]**

#### VRAAG 4: KUNS, KUNSVLYT EN GEESTELIKE WERKE HOOFSAAKLIK UIT LANDELIKE SUID-AFRIKA

Baie Suid-Afrikaanse landelike kunstenaars het hulle eie interpretasie van spirituele sake, en het soms in die proses verwronge en vereenvoudigde weergawes. Hulle werk is eerlik, sonder vooroordeel, en is 'n refleksie van hulle ware oortuigings.

4.1 Vergelyk FIGUUR 4a en 4b en skryf 'n paragraaf oor elkeen waarin jy na die volgende verwys:

- Watter rol speel die media in elke werk? Verwys na styl en kunselemente.
- Verduidelik die verskillende interpretasies en moontlike invloede van die verhaal van Adam en Eva soos gebruik deur elke kunstenaar.

**FIGUUR 4a: Jackson Hlungwani, *Adam en die geboorte van Eva*, hout, 1985-89.**

Jackson Hlungwani se Adam en Eva is 'n drie dimensionele werk wat uitgekerf is uit inheemse hout, wat 'n 'rondom' beeldhouwerk vorm, wat die kyker aanmoedig om rondom die werk te beweeg en sodoende al die verskillende sye en hoeke te sien.

Eva word uit Adam se liggaam 'gebore'. Dit is hoe die kunstenaar die skepping van die mens verstaan.

Die figure is vereenvoudig en verwing, inmekaar gevleg, wat die indruk skep dat Eva uit een van Adam se ribbes verskyn. Die growwe hout verleen tekstuur en lewe aan die werk.

In Adam se hand is 'n eier, wat die kwesbaarheid van 'n verhouding en liefde tussen man en vrou simboliseer. Enige liefdesverhouding is kosbaar en moet soos 'n breekbare eier gekoester word.'

Hy is 'n baie gelowige man, en sy werk reflekteer sy geloof as Christen. Hierdie is 'n naïewe benadering maar dra by tot die onskuld van sy persepsie van die Christendom.

**FIGUUR 4b: Azaria Mbatha, *Adam en Eva/Vervloek is die grond*, Linosnee op papier, 1964.**

Azaria Mbatha se Adam en Eva is 'n tweedimensionele stuk, gedruk op papier deur 'n drukwerkproses. Die harde lyne van die linodruk is ekspressionisties en die afwesigheid van tonale waardes laat die vorms plat voorkom. Pragtige tekstuur is verkry deur klein motiewe uit die lino te kerf. Azaria het sy godsdienstige geloof verkry met sy assosiasie met verskeie priesters vandat hy 13 jaar oud is. Dit is duidelik in die meeste van sy werke.

Die drukwerk beeld die lewe van Adam en Eva in die Tuin van Eden uit. Die boom in die middel van die tuin verdeel die werk in twee. Die naïewe persepsie van die boom is sigbaar deur die druiwe wat in die boom groei. Aan die regterkant van die drukwerk is God besig om met 'n man te praat in daglig, aangedui deur die son, en Hy waarsku hulle om gehoorsaam te wees. Aan die linkerkant van die drukwerk het God sy rug op die mens gedraai en die duister is aangedui deur die maan. Satan is 'n groot reptiel met bene.

Die titel van die kunswerk, 'Adam en Eva/ Vervloek is die grond', herinner ons aan die Bybelse verhaal van die oorsprong van die sonde, wat deur Adam en Eva gepleeg is deur die eet van die boom van kennis, en gevolglik deur God vervloek is. Azaria se werk herinner ons aan die sonde en wil ons dalk bewus maak van die gehoorsaamheid aan God.

(8)

4.2 Bespreek TWEE kunswerke van enige Suid-Afrikaanse kunstenaar wie se werk jy bestudeer het, wat 'n spirituele inhoud weergee.

Gebruik die volgende as 'n riglyn in jou antwoord:

- Name van kunstenaars en titels van werke
- Spirituele beelde
- Media en tegnieke
- Invloede
- Inhoud en betekenis

(12)  
**[20]**

## VRAAG 5: MULTIMEDIA EN NUWE MEDIA – ALTERNATIEWE, KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORMS IN SUID-AFRIKA

Robin Rhode maak kuns op straat. Op speelgronde, sementsypaadjies en teen baksteenmure, gebruik hierdie Suid-Afrikaner slegs 'n stukkie kryt of houtskool om gebeurteniskuns ('performance art') te skep wat die grens tussen twee- en driedimensies uitdaag.

Verwys na die visuele bronne in FIGUUR 5a en FIGUUR 5b en bespreek hoe Robin Rhode deur sy kuns kommunikeer.

Oorweeg die volgende in jou antwoord:

- Bespreek EEN werk van enige TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars wie alternatiewe, kontemporêre of populêre kunsvorms gebruik om hulle boodskappe na die kyker oor te dra
- Opvoering en dokumentering
- Storie oorgedra deur die aksie van die kunstenaar
- Moontlike boodskappe/betekenis
- Die betekenis van die gebruik van speelgronde, sementsypaadjies en baksteenmure

### FIGUUR 5a en FIGUUR 5b: Robin Rhode Stone, *Vlag*, dokumentering van gebeurteniskuns, 2004:

- **Opvoering en Dokumentering**

Rhode se opvoering en dokumentering van werk besit 'n atletiese fisieke kwaliteit, en sy straatkind uitrustings ondersteun die kleure wat geassosieer word met Suid-Afrikaanse sportspanne. Die agtergrond vir sy foto's is meestal grys, vervalde stad beton en teer. In die krake en inheemse graffiti vind hy 'n onaantreklike oppervlak vir sy verrassende verbeeldingryke werke. Die tekenwerk op mure en binnehowe, of direk op die oppervlakte van 'n straat, met sy strokiesagtige krytwerke en houtskoolafbeeldings, word soms in die oppervlak gepers om 'n driedimensionele spel van illusie te skep.

'Stone Flag' (2004): Aangetrek in 'n spierwit uitrusting van sy eie skepping wat gelyktydig 'n deftige sport soos krieket of tennis voorstel, stel Rhode homself voor in nege kleurfoto's wat 'n uitbeelding is van 'n vlag wat swaai. (Daar is slegs een vlag in FIGUUR 5b)

Hy word van bo af gesien teen die agtergrond van ou, gekraakte sement in sy ma se Johannesburgse erf. Die dowwe skadu's van haar huislike wasgoedlyn en wasgoedpenne is effens sigbaar in die agtergrond. 'n Vlag wat bestaan uit 'n dosyn rooi, kleibakstene, wapper aan 'n paal, gemaak van verroeste en vervalde pyp wat hy in sy hand swaai. In elke skoot mimiek hy die sparteling om die vlag te beheer, die waarskynlike beweging weergegee deur die spoor van rooi wat elke verstelling agterlaat op die dowwe sement. Tussen die mees universele simbole van Post-Apartheid, is die nuwe vlag. Deur gebruik te maak van bakstene - letterlik die boustene van 'n nuwe beskaafde gemeenskap, lig hy 'Stone Flag' van toertjie na 'n dieper betekenis. Hierdie kunswerk skep interessante vrae aangaande simbole, beide persoonlik en polities.

- **Verhaal oorgedra deur die aksie van die kunstenaar**

Sy uitoefening van sy kuns ontleed die alledaagse en word 'n instrument vir die ontplooiing van weerstand – sonder om noodwendig in opstand te kom maar dit word eerder speels, verleidelik en 'n fantasie. Hy gebruik die narratiewe of vertelling om 'n brug te bou tussen diverse gemeenskappe en gehore. Fantasie en storievertellinge stel voor sosiale opvoerings, en dit dra by tot uitbreiding van 'n sosiale beleving, sonder eksklusiewe kulturele of kunstige belevings.

- **Moontlike boodskappe/betekenis**

Sy fokus is om ruimtes te vul met 'n teenwoordigheid wat voorheen uitgesluit was. As 'n herinnering aan die konstante stryd om spasie, plaas hy die liggaam in fiktiewe spasies wat ook as 'n realiteit kan funksioneer. Verhoudings, bydraes en bekommernisse is kwessies wat sy werkproses deurdring, terwyl hy getrou bly aan plaaslike kwessies en plekke. Sy werk reflekteer hoe persoonlike geskiedenis in verband gebring kan word met objekte en ondervindings wat degradasie en korrupsie kan insinueer. 'n Waardesisteem word gekonfronteer deur opvoering as 'n monoloog. Aksies is gevul met politiese, retoriese en anargistiese energie, wat die kwesbaarheid reflekteer van geheue en kuns wat die sulke onthou bevat, en verlig 'n gemeenskaplike erfenis van begrensing. Sy scenario's getuig van die pogings om binne standaarde en raamwerke in te pas wat deur ander mense daar gestel is, asook situasies wat geskep is vir die uitsluiting van mense en die daarstelling van mislukkinge. Hy gebruik ook humor en spel om te verwar en die onweloweglike te erken, en gee uitdrukking aan die begeerte om te analiseer, verander, fantasieer en om alternatiewe oplossings te skep vir situasies wat totaal gedomineer word deur die politiek en markstrategieë.

Rhode glo dat kuns 'n definitiewe praktiese funksie en opvoedkundige potensiaal het, wat deels die rede is waarom hy sy kuns 'regte lewensvorm' gee. Hy poog om te vermaak en verwag van die gehoor om te beoordeel.

In sy opvoering verdof hy die gewoonlik daadwerklike grense tussen illusie en realiteit deur 'n poging om driedimensionaliteit met 'n tweedimensionele skets te integreer, en speel met die moderne siening van die kunstenaar as 'n 'kreatiewe genie'. Alhoewel die sketse al die konvensionele kwaliteite van teken besit (houtskool op wit oppervlak), word hierdie sketse gemaak om so fiktief as moontlik voor te kom, om 'n intense bewustheid te skep dat dit nie saak maak hoe groot die genie is nie, 'n weergawe bly maar net 'n weergawe.

- **Die doel van die gebruik van speelgronde, sypaadjies en baksteen mure**

Sy kuns kom meer tuis voor buitenshuis as in die flou gange van kantore, of miskien vereis sy kuns van die kultuur van basketbal, straatdanse en graffiti. Hy maak kuns letterlik op die straat. Op speelgronde, sementsypaadjies en baksteenmure gebruik slegs 'n stompie kryt of houtskool om opvoerings te skep wat die grense tussen tweedimensies en driedimensies uitdaag en konfronteer die geskiedenis en onuitwisbare herinneringe wat opgesluit lê in argitektuur.

**Die leerders moet die werk van enige TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars bespreek wat alternatiewe kontemporêre of populêre kunsvorme gebruik.**

[20]

**VRAAG 6: POST-1994-DEMOKRATIESE IDENTITEIT IN SUID-AFRIKA**

Ons geskiedenis vorm ons identiteit. Om sin te maak uit wreedhede uit die verlede, het kunstenaars geskiedenis en tradisie nagevors vir heling en bevryding.

Anselm Kiefer is 'n Duitse kunstenaar wat die landskap as metafoor gebruik vir die swaarkry en skuldgevoelens van die Duitse volk na die Nazi gruweldade van die Tweede Wêreldoorlog.

Boltanski verken temas van verlies en herinneringe deur die skep van gedenkinstallasies vir onbekende mense – naamlose individue wat moontlik slagoffers van die Joodse volksmoord was.

6.1 Skryf 'n paragraaf oor FIGUUR 6a en 6b deur die volgende te beantwoord:

- Hoe is elke werk gemaak? Oorweeg die styl en aanbieding van elk.
- Wat dink jy is die betekenis van die gebruik van materiaal soos strooi, beskuitjehouers, fotografie en beligting?
- Op watter moontlike manier het hierdie werke gehelp met die helingsproses?
- Hoe belangrik is ons geskiedenis in die vorming van ons identiteit?

**FIGUUR 6a: Anselm Kiefer, *Nuremberg*, akriel, emulsie en strooi op doek, 1983.**

Kiefer was deel van die Neo-Ekspressionisme beweging van die 1980's en het bekend geword vir sy swaar tekstuurlandskappe. Die landskappe verwys na die Nazi geskiedenis van Duitsland bv. die Nuremberg is geskryf op die skildery. Hy sien die landskap as 'n simbool van die Duitse siel wat geskend is deur die Nazi's. Kiefer gebruik sterk ekspressionistiese kenmerke soos die sterk liniêre kwaliteite om sy ang uit te druk. Die diepte van die werk word aangedui deur die gebruik van swart diagonale lyne wat saamvloei in die verte. Diagonale lyne stel beweging of onstabiliteit voor. Die strooi skep 'n tasbare, amper driedimensionele werk. Die strooi ondersteun die idee van die Nazi stewels wat die aarde vertrap het, en die aarde vermink en oopgemaak het. Die strooi verteenwoordig sterk ekspressiewe kwashale in 'n skildery wat handel oor die proses van skilder. Die skildery is baie dof as gevolg van die sterk gebruik van swart, okers en blou met wit as die kontrasterende ligpunte. Die landskap het dele van 'n dorp of stad in die verte. Daar is geen figure in die landskap nie wat die idee van isolasie en afsondering versterk.

**FIGUUR 6b: Christian Boltanski, *Monument (Odessa)* ses afdrukke, drie koekieblieke, ligte en draad, 1989.**

Boltanski het 'n drie dimensionele installasie gemaak deur die gebruik van foto's en koekieblieke wat teen 'n muur opgehang is. Hierdie objekte is verbind deur die bedrading van ligte. Die werk kry sy impak deur die kombinasie van gevonde voorwerpe en foto's. Dit is 'n konseptuele werk wat sy 'storie' vertel deur die gebruik van non-tradisionele kuns media. Betekenis word afgelei deur die kombinasie van objekte.

**Die leerders moet sê waar hulle dink die betekenis lê in die gebruik van materiaal soos strooi, koekie bokse, ligte en draad.**

**FIGUUR 6a: Anselm Kiefer, *Nuremberg*, akriel, emulsie en strooi op doek, 1983.**

Kiefer sien strooi as 'n simbool van kwesbaarheid (dit kan maklik brand en vernietig word), maar kan ook simbolies wees van die landbou wat nie moontlik kan wees in hierdie verminkte landskap nie. 'n Ander verwysing waarom hy die strooi gebruik het, is die tipies blonde Ariese vrou wie se hare die kleur van strooi is. Leerders mag dalk nie hierdie spesifieke betekenis weet nie, maar kan afleidings maak oor die kwesbaarheid van strooi. Strooi is bros en maklik vernietigbaar. Dit is ook lig en skep tekstuur in die skildery. Strooi is ook die eindproduk van die koring- siklus – die oorblyfsels van verganklikheid en dit mag ook verwys na die barre aarde.

**FIGUUR 6b: Christian Boltanski, *Monument (Odessa)* ses afdrucke, drie koekieblieke, ligte en draad, 1989.**

Boltanski werk met die onbekende slagoffers van die groot mense slagting. Die foto's is van onbekende kinders wat die voorstellend is van die baie kinders wat verdwyn het na die konsentrasiekampe. Die foto's en 'n outydse voorkoms. Die beligting skep 'n skedelagtige voorkoms van die gesigte. Die koekie bokse verwys na die houers wat gebruik is om kosbaarhede te stoor soos foto's en briewe. Die beligting en komposisie skep 'n altaar effek wat hulde bring aan die wat verdwyn het.

- **Op watter maniere kan hierdie werke help met die heelmaak proses?**

**FIGUUR 6a: Anselm Kiefer, *Nuremberg*, akriel, emulsie en strooi op doek, 1983.**

Nuremberg was een van die plekke waar Adolf Hitler en die Nazi's hulle groot byeenkomste gehou het. Dit was ook die plek waar die verhore van die Nazi oorlog misdadigers gehou is. Die naam Nuremberg is belaaie met die geskiedenis van die Nazi's. Vir baie jare wou die Duitsers nie hierdie deel van hulle geskiedenis erken nie. Kiefer het gevoel dat om op hierdie wandade te fokus sal dit die Duitse volk help om hulle gedeelde geskiedenis te erken en om die heelmaak proses te begin en aan te beweeg.

**FIGUUR 6b: Christian Boltanski, *Monument (Odessa)* ses afdrucke, drie blik koekieblieke, ligte en draad, 1989.**

Christian Boltanski se *Monuments*-reeks vors na die temas van verlies en geheue. Boltanski transformeer kortstondige en kommersiële materiaal, wat die *Monument (Odessa)* in die lig van 'n altaar plaas wat die raak aan die grense van die anonieme en identifiseerbare, die sentimentele en die tragiese. Hierdie installasie bring hulde aan onbekende persone – naamlose individue wat dalk slagoffers kon gewees het van die Joodse volksmoord. Sodoende bevrage dit die betekenis wat die kyker aan die fotografiese dokumente gee. Foto's kontrasteer in tonale waarde, swart en wit foto's [2d].

**Die leerder moet bespreek hoe belangrik hulle geskiedenis is in die vorming van hulle identiteit.**

(10)



6.2 Geskiedenis is net een van die maniere waarop ons identiteit kan vorm. Skryf 'n opstel waarin jy ten minste EEN ander kunstenaar se werk bespreek wat 'n ander manier het om 'n mens se identiteit weer te gee.

Jou opstel moet die volgende insluit:

- Naam van kunstenaar en titel van werk
- Gebruik van medium en tegniek
- Hoe die kunstenaar identiteit in die werk weergegee het
- Hoe huidige kwessies deur die kunstenaar hanteer is

(10)  
**[20]**

**VRAAG 7: GESLAGSKWESSIES: MANLIKHEID EN VROULIKHEID**

Die *Venus de Milo* is 'n verpersoonliking van die perfekte vrou, maar is met verloop van tyd beskadig. Lionel Smit verkies om met die konsep van fragmentasie te werk, terwyl Marc Quinn 'n alternatiewe blik van vroulike skoonheid en heldhaftigheid toon met sy uitbeelding van Alison Lapper, 'n vrou wat sonder arms gebore is.

7.1 Die vroue wat voorgelê is in FIGUUR 7a, FIGUUR 7b, FIGUUR 7c en FIGUUR 7d is 'n verpersoonliking van al die kwaliteite wat 'n vrou behoort te verteenwoordig: skoonheid, vrugbaarheid, sereniteit en grasia.

Neem die stelling hierbo in ag en skryf 'n paragraaf waarin jy die DRIE beeldhouwerke bespreek.

Jou paragraaf moet die volgende insluit:

- Die konsep van 'vroulike skoonheid'
- Gebruik van verwringing of fragmentasie
- Uitdrukking van vroulike heldhaftigheid
- Publieke interaksie met die werke
- Met watter werk kan jy jouself die meeste vereenselwig? Motiveer jou antwoord.

- **Die konsep van vroulike skoonheid**

Die *Venus de Milo* wys die ideale klassieke skoonheid van die vroulike liggaam. **Fragmentasie van Smit** wys die skoonheid van 'n Maleisiese vrou wat ironies is omdat Maleisiese vrou nie normaalweg kaal sal poseer nie. Die konsep van vroulike skoonheid in hierdie kunswerke is die naakte boonste gedeelte van 'n vrou. **Breath** was oorspronklik gekonseptualiseer as 'n marmer beeldhouwerk van 'n swanger Alison Lapper, wie gebore is sonder arms en verdwergde bene.

- **Die gebruik van distorsie en fragmentering**

Die *Venus de Milo* is ontdek in die vroeë 19de eeu deur 'n boer wat sy lande geploeg het. Deur die eeue het die arms verlore geraak. Groot debatte het ontstaan oor die oorspronklike posisie van die arms. Hierdie imperfeksie het bygedra dat sy as 'n ikoon van skoonheid beskou word. Die torso in **Fragmentasie** gemodelleer uit aparte lae klei, miskien om die kompleksiteit van hierdie kultuur uit te lig. **Breath** is 'n naturalistiese weergawe van 'n regte vrou met gestremdhede wat die feit bevestig dat ten spyte van haar gestremdheid sy nog steeds 'n vrugbare, pragtige weergawe is van die vroulike vorm.

- **Uitdrukking van vroulike heldhaftigheid**

*Venus de Milo* is voorgestel as die perfekte kaalborstige verpersoonliking van 'n vroulike godin. **Fragmentasie** besit 'n stille, waardige houding om haar, met 'n effe afwaartse blik, wat nie direk die kyker insluit nie.

- **Publieke interaksie met die werke**

7a is een van die groot aantrekkingskragte van die Louvre in Parys. **Fragmentasie** word uitgestal in 'n galery en siende dat 'n driedimensionele werk is, kan die kyker van alle kante die werk besigtig. **Breath** is oorspronklik uitgestal in 'n publieke spasie in Londen. 'n Reuse opblaas kopie is gebruik tydens die openingseremonie van die Londen Para-Olimpiade. Vir die 2013 Venesiese Biënnale, het Quinn hierdie opblaaskopie uitgestal met 'n uitsig oor die kanaal. Die Katolieke kerk was uiters ontsteld oor hierdie figuur net buite 'n kerk.

- **Met watter kunswerk vereenselwig jy die meeste? Motiveer jou antwoord.**

Leerders moet hulle eie opinie lewer

(6)

7.2 In die vorm van 'n kort opstel, bespreek TWEE ander voorbeelde wat jy bestudeer het wat handel oor geslagskwessies as óf manlikheid óf vroulikheid.

Jy kan die volgende as 'n riglyn gebruik:

- Name van kunstenaars en titels van werke
- Beskrywing of interpretasie van die kunswerk
- Gebruik van styl
- Moontlike interpretasies/betekenis

(14)  
[20]

**VRAAG 8: ARGITEKTUUR IN SUID-AFRIKA**

Volgens die Franse filosoof, Jacques Derrida, is 'argitektuur niks anders nie as net nog een van die baie maniere om te kommunikeer.'

Verwys na die stelling hierbo. Gebruik enige TWEE geboue/strukture wat jy bestudeer het, sowel as die visuele bronne in FIGUUR 8a en 8b, en skryf 'n opstel waarin jy die volgende in gedagte hou:

- Name van argitekthe en geboue
- Ligging en plasing
- Gebruik van boumateriale en tegnieke
- Moontlike inspirasie en invloede
- Konstruksiemetodes
- Gebruik van styl
- Funksie van die gebou

**FIGUUR 8a Nico van der Meulen ARGITEKTE, Die Glas huis, 2012**

- Die ligging van hierdie gebou in 8(a) is bepaal deur sy funksionaliteit. Die Glashuis is 'n privaat woning in Johannesburg, waar elke kamer sy eie uitstekende uitsig het.
- Met 'n kliënte opdrag wat slegs aangedui het dat 'hulle 'n moderne, deftige, oopplanhuis, vol lig met uitsigte vanaf al die kamers in die huis na die tuin verlang', het die argitekthe genoeg vryheid gehad om kreatief te dink.
- Die argitektoniese invloede van modernisme, Internasionale styl en die ontwerpe van Le Corbusier kan duidelik gesien word in die reguit lyne en vierkantige vorms.
- Hierdie huis is 'n voorbeeld van Nico van der Meulen se ontwerpfilosofie dat die uiterlike van 'n huis net 'n verlengstuk is van die interieur. Met gemak het hulle hierdie idee bereik. Elke detail van hierdie uitgebreide woning besit 'n ongekeerde skoonheid.
- Gebou om 'n groot gesin te onderhou en om gaste te ontvang en om funksies in te hou, is hierdie gebou toegerus met elke gerief benodig. Die hele area is lig en ruim. Die geniale ontwerp van Nico van der Meulen is om hierdie reusagtige huis huislik te laat voorkom en nie oorweldigend te laat vertoon nie.
- Die glas visdam wat die kyker begroet, beklemtoon die gebruik van glas, waar alles deursigtig is en deur die glas gesien word.
- Die Glashuis kom voor of dit slegs van glas gebou is, alhoewel dit nie die enigste materiaal is wat in die ontwerp van die projek gebruik is nie. Hierdie glas word gekomplimenteer met die gebruik van gladde staal, ruwe rots, koel sement en warm hout met 'n verskeidenheid van teksture en afwerkings wat in sekere aksente in die huis gebruik is

**FIGUUR 8b: Die Jay Pritzker-paviljoen**

- Frank Gehry se Jay Pritzker-paviljoen is 'n raamwerk van 'n skulp, ontwerp deur argitek, Frank Gehry, in Millennium Park in Chicago. Hierdie gebou is voltooi in 2004. Die paviljoen het 4 000 permanente sitplekke en het addisionele plek vir 7 000 mense op 'n grasperk.

- Dekonstruksionisme is 'n argitekskool wat fragmentasie navors, wat mure, dakke en interieur volumes versteur. Hulle omring die gebou in 'n tipe gekontroleerde chaos om doelbewus ongemak en verwarring te skep.
- Die paviljoen is die nuwe tuiste van die simfonie orkes en koor, sowel as vir buitenshuise kunstenaars. Alle repetisies is oop vir die publiek.
- Om enige wettige kwessies te vermy rakende beperkings op die hoogte van geboue in Chicago, het die stad die Skulp as 'n kunswerk geklassifiseer eerder as 'n gebou. Die geborselde vlekvrystaal kopstuk omraam die teater, en is verbind aan 'n traliewerk van kruis en dwars staalpipe. Die dak van die paviljoen rus op 12 stutte. Die skulpspasie van die orkes is met reuseglasdeure omring.
- 'Ons wil nie graag dat argitektuur dit wat onrusbarend is uitsluit nie', het die medestigters van die Oostenrykse argitektuurfirma, Coop Himmelblau, geskryf oor die estetiese, wat aanvanklik die post-moderne argitektuurbeweging uitgelig het, wat eers samehorigheid teengestaan het en tweestryd gekoester het sedert die 1980's.

Leerders moet ook TWEE geboue wat hulle bestudeer het insluit in hulle antwoord.

**[20]**

**TOTAAL: 100**